BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

UITGAWE OP GESAG. OF SOUTH WEST AFRICA PUBLISHED BY AUTHORITY

**10c** **Woensdag 10 Mei 1972** **WINDHOEK** **Wednesday 10 May 1972** **No. 3251**

INHOUD

CONTENTS

*Bladsy/Page*

**ONTWERPORDONNANSIE:**

Drankwysigingsontwerpordonnansie 1972 . . . . . .

**DRAFT ORDINANCE:**

Liquor Amendment Draft Ordinance, 1972 . . . 385

## Ontwerpordonnansie

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

## Draft Ordinance

The following Draft Ordinance is published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

________ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

[ ] Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

# ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Drankordonnansie 1969, om die woord „Administrateur" deur die uitdrukking „Uitvoerende Komitee" te vervang; om die uitdrukking „Uitvoerende Komitee" te omskryf; om voorsiening te maak vir die aantekening in die registers van ontvangers van inkomste van endossemente wat op lisensies aangebring word; om die pligte en bevoegdhede van die raad duideliker te bepaal; om die prosedure wat in verband met sekere aansoeke gevolg moet word, te bepaal; om voorsiening te maak dat die raad die verstrekking van inligting kan gelas; om voorsiening te maak vir aangeleenthede in verband met die tydelike verplasing van lisensies; om die tydperk waarbinne aansoek gedoen moet word om hernuwing van lisensies te vervroeg; om te bepaal dat aansoekgelde voor die indiening van aansoeke betaal kan word; om voorsiening te maak dat 'n polisie-offisier getuies by 'n verhoor onder kruisverhoor kan neem; om restaurantdranklisensies vir huisvestingsinrigtings uit te sluit van die bepalings van artikel 57; om die bepalings met betrekking tot binneverbruikslisensies vir huisvestingsinrigtings en buiteverkoopslisensies vir huisvestingsinrigtings te wysig; om die bepalings met betrekking tot benoemdes as lisensiehouers te wysig; om die bepalings met betrekking tot verbode gebiede te wysig; om verdere beperkings te plaas op die verlening van botteldranklisensies; om artikel 62 te herroep; om die datum waarop die verhuring van botteldranklisensies verval, uit te stel; om die bepalings met betrekking tot tydelike dranklisensies te wysig; om duideliker te bepaal aan wie 'n spesiale groothandeldepotlisensie vir brouers verleen mag word; om die bepalings met betrekking tot gelisensieerde persele te wysig; om voorsiening te maak vir die verhuring van buiteverkoopslisensies vir huisvestingsinrigtings; om te bepaal dat gelde ontvang ten opsigte van lisensies verleen in die Rehoboth-Gebiet aan die Fonds van die Bastergemeente, Rehoboth oorbetaal word; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

**Wysiging van Ordonnansie 2 van 1969 om „Administrateur" deur „Uitvoerende Komitee" te vervang.**

1. Die Drankordonnansie 1969 (Ordonnansie 2 van 1969) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die woord „Administrateur" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking „Uitvoerende Komitee" te vervang.

**Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 18 van 1969 en artikel 1 van Ordonnansie 9 van 1970.**

2. Artikel 1 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woordbepaling van „Direkteur" die volgende woordbepaling in te voeg:

„„„Uitvoerende Komitee" die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee soos bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968);".

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

———— Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[ ] Words in square brackets indicate deletions proposed.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Liquor Ordinance, 1969, so as to substitute the word "Administrator" for the expression "Executive Committee"; to define the expression "Executive Committee"; to provide for the recording, in the registers of receivers of revenue, of endorsements made on licences; to determine the duties and powers of the board more clearly; to determine the procedure to be followed in connection with certain applications; to provide that the board may require the furnishing of information; to provide for matters in connection with temporary removal of licences; to advance the period within which application is to be made for renewal of licences; to provide that application fees may be paid before the submission of applications; to provide that an officer of police may cross-examine witnesses at a hearing; to exclude accommodation establishment restaurant liquor licences from the provisions of section 57; to amend the provisions regarding accommodation establishment on-consumption licences and accommodation establishment off-sales licences; to amend the provisions regarding nominees as licensees; to amend the provisions regarding prohibited areas; to place further restrictions on the grant of bottle liquor licences; to repeal section 62; to extend the date on which the lease of bottle liquor licences shall lapse; to amend the provisions regarding temporary liquor licences; to provide more clearly to whom a special brewers' wholesale depot licence may be granted; to amend the provisions regarding licenced premises; to provide for the lease of accommodation establishment off-sales licences; to provide that moneys received in respect of licences granted in the Rehoboth Gebiet shall be paid to the Rehoboth Baster Committee Fund; and to provide for incidental matters.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows: —

1. The Liquor Ordinance, 1969 (Ordinance 2 of 1969) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for the word "Administrator" wherever it appears of the expression "Executive Committee".

Amendment of Ordinance 2 of 1969 to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator".

2. Section 1 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion, after the definition of "Director" of the following definition:

Amendment of section 1 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 1 of Ordinance 18 of 1969 and section 1 of Ordinance 9 of 1970.

""Executive Committee" means the Administrator-in-Executive Committee as referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of1968);".

Wysiging van artikel 10 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 9 van 1970.

3. Artikel 10 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

„(4) Die ontvanger van inkomste wat 'n lisensie uitgereik het, moet in kennis gestel word van enige endossement wat ingevolge die bepalings van hierdie ordonnansie op sodanige lisensie aangebring word en sodanige endossement moet daarop in sy registers aangeteken word.".

Vervanging van artikel 21 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 6 van Ordonnansie 18 van 1969.

4. Artikel 21 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

„[Bevoegdhede en pligte van die raad.

21. Dit is die plig van die raad om, behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie alle aansoeke om —

(a) nuwe dranklisensies;

(b) 'n voorwaardelike magtiging ooreenkomstig artikel 32; of

(c) die permanente verplasing van 'n lisensie,

te verhoor en te beslis, en hy kan by die oorweging van enige sodanige aansoek die polisie-offisier bedoel in artikel 115, enige plaaslike bestuur, enige departement, afdeling of seksie van die Administrasie of enige ander persoon of liggaam aansê om sodanige inligting aan hom te verstrek soos hy nodig vind om tot 'n besluit oor die aansoek te kan geraak.]

Bevoegdhede en pligte van die raad.

21. Dit is die plig van die raad om, behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie, alle aansoeke wat ingevolge hierdie ordonnansie by hom gedoen word, te verhoor en te beslis.".

Wysiging van artikel 29 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 3 van Ordonnansie 20 van 1971.

5. Artikel 29 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Iemand wat die verlening van 'n nuwe lisensie of 'n voorwaardelike magtiging vir 'n gespesifiseerde nuwe lisensie soos bepaal in artikel 32 verlang en enige houer van 'n lisensie wat die tydelike of permanente verplasing van sodanige lisensie van die perseel waarop dit betrekking het na 'n ander perseel in dieselfde distrik of die skriftelike magtiging ingevolge artikel 105A om iemand anders toe te laat om in werklikheid die gelisensieerde besigheid te beheer of 'n vennoot daarin te word of in die winste daarvan te deel of die skriftelike goedkeuring van die raad ingevolge artikel 109A om 'n ooreenkoms aan te gaan of 'n voorwaarde te stel met betrekking tot die verhuring van daardie lisensie ingevolge waarvan hy geregtig is of sal wees op die betaling van gelde uit hoofde van sodanige oordrag, verlang, kan, behoudens die bepalings van artikel 76, daarom by die raad aansoek doen.".

3. Section 10 of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following subsection:

Amendment of section 10 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 4 of Ordinance 9 of 1970.

"(4) The receiver of revenue who has issued a licence, shall be notified of any endorsement made on such licence in terms of the provisions of this ordinance and such endorsement shall thereupon be recorded in his registers.".

4. The following section is hereby substituted for section 21 of the principal Ordinance'

Substitution of section 21 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 6 of Ordinance 18 of 1969.

"[Powers and duties of the Board.

21. It shall be the duty of the board to hear and determine, subject to the provisions of this ordinance, all applications for —

(a) new liquor licences,

(b) a conditional authority in terms of section 32; or

(c) the permanent removal of a licence,

and may in the consideration of any such application require the commissioned officer of police referred to in section 115, any local authority, any department, branch or section of the Administration or any other person or body to furnish it with such information as it may deem necessary to enable it to arrive at a decision on the application.]

Powers and duties of the Board.

21. It shall be the duty of the board to hear and determine, subject to the provisions of this ordinance, all applications made to it in terms of this ordinance.".

5. Section 29 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

Amendment of section 29 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 3 of Ordinance 20 of 1971.

"(1) Any person desiring the grant of a new licence or conditional authority for any specified new licence as provided in section 32 and any holder of a licence who desires the temporary or permanent removal of such licence from the premises to which it relates, to other premises in the same district, or the written authority in terms of section 105A to allow any person in fact to control the licenced business, or to become a partner therein or to participate in the profits thereof, or the written approval of the board in terms of section 109A to enter into an agreement or impose a condition with reference to the lease of that licence under which he is or will be entitled to the payment of any moneys by virtue of such lease, may, subject to the provisions of section 76, apply therefor to the board.".

Invoeging van artikel 29A in Ordonnansie 2 van 1969.

6. Die volgende artikel word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 29 ingevoeg:

„Verstrekking van inligting aan die raad.

29A. (1) Die raad kan by die oorweging van enige aansoek, die polisieoffisier bedoel in artikel 115, enige plaaslike bestuur, enige departement, afdeling of seksie van die Administrasie of enige ander persoon of liggaam aansê om enige sodanige inligting aan hom te verstrek soos hy nodig vind om tot 'n beslissing oor die aansoek te kan geraak.

(2) Iemand wat weier of versuim om enige inligting, te verstrek wat hy ingevolge subartikel (1) aangesê is om aan die raad te verstrek, is aan 'n misdryf skuldig.".

Vervanging van artikel 30 van Ordonnansie 2 van 1969.

7. Artikel 30 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Raad kan aansoek toestaan of weier.

30. Die raad kan, behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie, na oorweging van al die dokumente en inligting wat ooreenkomstig [artikel 29] artikels 29 en 29A aan hom voorgelê en verstrek is en na voldoening aan die bepalings van Hoofstuk VIII enige aansoek toestaan of weier.".

Wysiging van artikel 32 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 20 van 1971.

8. Artikel 32 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Wanneer ook al die raad 'n aansoek om 'n nuwe lisensie of om die tydelike of permanente verplasing van 'n lisensie ten opsigte van of na 'n perseel wat nog nie opgerig is nie of wat, indien opgerig, aanbousels of veranderings vereis om dit geskik te maak vir die doel waarvoor dit gebruik moet word, toestaan, reik hy aan die aansoeker 'n voorwaardelike magtiging in die voorgeskrewe vorm vir die uitreiking van die lisensie uit, endosseer daarop sodanige voorwaardes soos hy goedvind, insluitende die tydperk waarbinne die betrokke perseel opgerig, verander of herstel moet word, na gelang en stuur 'n afskrif daarvan aan die landdros van die distrik waarin die perseel geleë is: Met dien verstande dat die tydperk waarbinne die perseel opgerig, verander of herstel moet word, nie langer mag wees nie as twaalf maande van die datum van uitreiking van sodanige magtiging of sodanige verlengde tydperk van hoogstens twaalf maande soos die raad op aansoek toelaat.".

Wysiging van artikel 35 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 6 van Ordonnansie 20 van 1971.

9. Artikel 35 (1) van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur al die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„Elke houer van 'n geldige lisensie uitgereik kragtens 'n wet wat by artikel 160 herroep word, kan, behoudens die bepalings van artikel 76, nie eerder nie as die eerste dag van [November] September en nie later nie as die een-en-dertigste dag van [Desember] Oktober in enige jaar, aansoek doen by die landdros van die distrik waarin die gelisensieerde perseel geleë is, om 'n hernuwing van sodanige lisensie:".

6. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance after section 29: Insertion of section 29A in Ordinance 2 of 1969.

"Furnishing of information to the board.

29A. (1) The board may in the consideration of any application require the commissioned officer of police referred to in section 115, any local authority, any department, branch or section of the Administration or any other person or body to furnish it with any such information as it may deem necessary to arrive at a decision on the application.

(2) Any person who refuses or fails to furnish any information which he is in terms of subsection (1) required to furnish to the board, shall be guilty of an offence.".

7. The following section is hereby substituted for section 30 of the principal Ordinance: Substitution of section 30 of Ordinance 2 of 1969.

"Board may grant or refuse application.

30. The board may, subject to the provisions of this Ordinance, after considering all documents and information submitted and furnished to it in terms of [section 29] sections 29 and 29A and after complying with the provisions of Chapter VIII, grant or refuse any application.".

8. Section 32 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection: Amendment of section 32 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 4 of Ordinance 20 of 1971.

„(1) Whenever the board grants an application for a new licence or for the temporary or permanent removal of a licence in respect of or to premises which have not been erected or which, if erected, require additions or alterations to make them suitable for the purpose for which they are to be used, it shall issue to the applicant a conditional authority in the prescribed form for the issue of the licence, endorse thereon such conditions as it may deem fit to impose including the period within which the premises concerned shall be erected, altered or repaired, as the case may be, and forward a copy thereof to the magistrate of the district in which the premises are situated: Provided that the period within which the premises shall be erected, altered or repaired shall not be more than twelve months from the date of issue of such authority or such further period not exceeding twelve months, as the board may on application allow.".

9. Section 35 (1) of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for all the words preceding the proviso of the following words: Amendment of section 35 of Ordinance 2 of 1969 as amended by section 6 of Ordinance 20 of 1971.

"Every holder of a valid licence issued under this ordinance or under a law repealed by section 160 may, subject to the provisions of section 76, not earlier than the first day of [November] September and not later than the thirty-first day of [December] October in any year apply to the magistrate of the district in which the licenced premises are situated for the renewal of such licence:".

Wysiging van artikel 47 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 11 van Ordonnansie 18 van 1969, artikel 7 van Ordonnansie 9 van 1970 en artikel 10 van Ordonnansie 20 van 1971.

10. Artikel 47 (1) van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur al die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

„Ten opsigte van elke aansoek kragtens hierdie ordonnansie gedoen, moet daar, gelyktydig met, of voor, die indiening van die aansoek aan die landdros van die distrik waarin die perseel waarop die aansoek betrekking het, geleë is, die volgende bedrae betaal word —".

Vervanging van artikel 53 van Ordonnansie 2 van 1969.

11. Artikel 53 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Polisie-offisier kan geroep word vir kruisverhoor.

53. Enige polisie-offisier wat kragtens artikel 115 'n verslag oor enige aansoek wat deur die bevoegde gesag behandel moet word, aan sodanige gesag gelewer het, kan by die verhoor van die aansoek deur die aansoeker of deur enige persoon of liggaam bedoel in artikel 51 (1) geroep word vir kruisverhoor oor die inhoud van die verslag en sodanige offisier, of hy geroep word al dan nie, of enige ander lid van die polisie kan getuienis aanvra, enige getuie wat getuienis aflê by sodanige verhoor onder kruisverhoor neem, of beredenering bied ter stawing van die verslag of ten opsigte van die aansoek in die algemeen.".

Wysiging van artikel 57 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 9 van Ordonnansie 9 van 1970.

12. Artikel 57 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Enige houer van 'n lisensie buiten —

(a) 'n binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting; of

(b) 'n restaurantdranklisensie vir 'n huisvestingsinrigting,

kan op die voorgeskrewe wyse en na die voorgeskrewe kennisgewing, aansoek doen by die landdros van die distrik waarin die gelisensieerde perseel geleë is, om die oordrag van sy lisensie aan 'n ander persoon en sodanige landdros kan, behoudens die bepalings van artikels 58 en 64 en alle ander toepaslike bepalings van hierdie ordonnansie, en na oorweging van sodanige inligting, dokumente, verslae en vertoë by hom ingedien soos voorgeskryf word, die aansoek toestaan of weier: Met dien verstande dat sodanige aansoek nie toegestaan word nie as die landdros meen dat as die lisensie oorgedra word aan die persoon in die aansoek genoem, daar 'n moontlikheid is dat 'n monopolistiese toestand skadelik vir die openbare belang kan ontstaan of vererger word in die drankhandel of in enige tak daarvan: Met dien verstande voorts dat, behoudens die bepalings van artikel 75A, geen aansoek om die oordrag van 'n buiteverkoopslisensie vir huisvestingsinrigtings, toegestaan word nie tensy die aansoeker bewys aan die landdros voorgelê het dat die binneverbruikslisensie vir huisvestingsinrigtings ten opsigte van daardie huisvestingsinrigting alreeds oorgedra is aan die persoon ten gunste van wie die aansoek om oordrag van die buiteverkoopslisensie vir huisvestingsinrigtings oorweeg word.".

10. Section 47 (1) of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution, for all the words preceding paragraph (a) of the following words:

Amendment of section 47 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 11 of Ordinance 18 of 1969, section 7 of Ordinance 9 of 1970 and section 10 of Ordinance 20 of 1971.

"In respect of every application made under this ordinance there shall simultaneosly with, or before, the submission of the application be paid to the magistrate of the district in which the premises to which the application relates, are situated an amount of —".

11. The following section is hereby substituted for section 53 of the principal Ordinance:

Substitution of section 53 of Ordinance 2 of 1969.

"Commissioned officer of police may be called for purpose of cross-examination.

53. Any commissioned officer of police who has, in terms of section 115, furnished the competent authority with a report on any application to be dealt with by it, may at the hearing of the application be called by the applicant or by any person or body referred to in section 51 (1) for the purpose of being cross-examined as to the contents of such report and such officer, whether so called or not, or any other member of the police may call evidence, cross-examine any witness giving evidence at such a hearing, or present argument in support of the report or in respect of the application in general.".

12. Section 57 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

Amendment of section 57 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 9 of Ordinance 9 of 1970.

"(1) Any holder of a licence, other than —

(a) an accommodation establishment on-consumption licence; or

(b) an accomodation establishment restaurant liquor licence,

may in the prescribed manner and after giving the prescribed notice, apply to the magistrate of the district in which the licenced premises are situated for the transfer of his licence to any other person and such magistrate may, subject to the provisions of sections 58 and 64 and all other relevant provisions of this ordinance and after considering such information, documents, reports and representations submitted to him as may be prescribed, grant or refuse the application: Provided that such application shall not be granted if the magistrate is of the opinion that if the licence were transferred to the person mentioned in the application there is a possibility of a monopolistic condition detrimental to the public interest arising or being aggravated in the liquor trade or any branch thereof: Provided further that, subject to the provisions of section 75A no application for the transfer of an accommodation establishment off-sales licence shall be granted unless the applicant has submitted proof to the magistrate that the accommodation establishment on-consumption licence in respect of that accommodation establishment has already been transferred to the person in whose favour the application for the transfer of the accommodation establishment off-sales licence is being considered.".

Invoeging van artikel 57A in Ordonnansie 2 van 1969.

13. Die volgende artikel word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 57 ingevoeg:

„Oordrag van lisensies buiten klubdranklisensies by verandering van benoemde.

57A. (1) Wanneer ook al die benoemde van 'n maatskappy, genootskap, vennootskap of ander liggaam van persone aan wie 'n ander lisensie as 'n klubdranklisensie uitgereik is, om die een of ander rede sy amp as sodanig ontruim, moet die maatskappy, genootskap, vennootskap of ander liggaam van persone onverwyld die landdros van die distrik skriftelik in kennis stel van die naam van die persoon wat in die plek van sodanige benoemde aangestel is en sodanige kennisgewing deur sodanige persoon laat medeonderteken.

(2) Die landdros moet as die persoon wat aldus aangestel is, nie kragtens hierdie ordonnansie onbevoeg is om die houer van sodanige lisensie te wees nie, sonder betaling van enige oordraggelde die naam van sodanige persoon as die houer van die lisensie op die lisensie endosseer en sodanige persoon besit daarop al die regte en voorregte en is onderhewig aan al die pligte, verpligtings en strawwe van die lisensiehouer.".

Wysiging van artikel 59A van Ordonnansie 2 van 1969, soos ingevoeg deur artikel 15 van Ordonnansie 20 van 1971.

14. Artikel 59A van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

„(2) Geen aansoek om die tydelike verplasing van 'n lisensie kragtens hierdie artikel word toegestaan vir enige tydperk van langer as ses maande nie, tensy die voorsitter, in oorleg met die ander lede van die raad, nadat die aansoeker goeie redes aangevoer het, oortuig is dat verplasing vir 'n langer tydperk geregverdig is en daarop spesiale magtiging verleen het vir die verplasing van die lisensie vir sodanige langer tydperk soos die voorsitter in oorleg met die ander lede van die raad bepaal.

(3) Wanneer ook al enige aansoek kragtens hierdie artikel toegestaan word, moet die sekretaris van die raad die lisensie endosseer ten effekte dat dit tydelik verplaas is na die betrokke perseel vir die tydperk ingevolge subartikel (2) bepaal.".

Invoeging van artikel 59B in Ordonnansie 2 van 1969.

15. Die volgende artikel word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 59A ingevoeg:

„Verlenging van tydperk van tydelike verplasing.

59B. Wanneer ook al 'n aansoek om die tydelike verplasing van 'n lisensie deur die raad ingevolge artikel 59 of deur die voorsitter in oorleg met die ander lede van die raad ingevolge artikel 59A, toegestaan is en die houer van die lisensie as gevolg van die feit dat die bedoelde strukturele veranderings nie voltooi is nie, nie in staat is om die lisensie by verstryking van die tydperk waarvoor die tydelike verplasing toegestaan is, terug te verplaas

13. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance after section 57: Insertion of section 57A in Ordinance 2 of 1969.

Transfer of lisences, except club liquor licences, upon change of nominee.

57A. (1) Whenever the nominee of a company, society, partnership or other body of persons to whom a licence other than a club liquor licence has been issued, ceases for any reason to hold office as such, the company, society, partnership or other body of persons shall forthwith notify the magistrate of the district in writing of the name of the person appointed in the stead of such nominee and cause such notification to be countersigned by such person.

(2) The magistrate shall, if the person who has been so appointed is not disqualified, under this ordinance from being the holder of such licence, without payment of any transfer fee, endorse upon the licence the name of such person as the holder of the licence and such person shall thereupon possess all the rights and privileges and be subject to all the duties, obligations and penalties of the licensee.".

14. Section 59A of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following subsections, the existing section becoming subsection (1): Amendment of section 59A of Ordinance 2 of 1969, as inserted by by section 15 of Ordinance 20 of 1971.

"(2) No application for the temporary removal of a licence under this section shall be granted for any period exceeding six months, unless the chairman, in consultation with the other members of the board is convinced, on good cause shown by the applicant, that the removal for a longer period is justified and has thereupon granted special authority for the removal of the licence for such longer period as the chairman in consultation with the other members of the board may determine.

(3) Whenever any application under this section is granted, the secretary of the board shall endorse the licence to the effect that it has been temporarily removed to the premises concerned for the period determined in terms of subsection (2).".

15. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance after section 59A: Insertion of section 59B in Ordinance 2 of 1969.

"Extension of period of temporary removal.

59B. Whenever an application for the temporary removal of a licence has been granted by the board in terms of section 59 or by the chairman in consultation with the other members of the board in terms of section 59A, and as a result of the fact that the structural alterations referred to have not been completed the holder of the licence is unable to remove the licence back at the expiry of the period for which the temporary removal

nie, kan die raad, of die voorsitter in oorleg met die ander lede van die raad, indien daar bewys word dat die versuim om die strukturele veranderings betyds te voltooi nie aan die nalatigheid van die lisensiehouer te wyte is nie, sodanige verlenging van die bedoelde tydperk toestaan as wat na die mening van die raad of die voorsitter in oorleg met die ander lede van die raad nodig sal wees om die bedoelde strukturele veranderings te voltooi.".

**Wysiging van artikel 60 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 11 van Ordonnansie 9 van 1970.**

16. Artikel 60 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Geen sodanige goedkeuring word vereis in die geval van die oordrag van 'n lisensie van 'n [werknemer] benoemde van 'n maatskappy, genootskap, vennootskap, vereniging of ander liggaam van persone aan 'n ander [werknemer] benoemde van dieselfde maatskappy, genootskap, vennootskap, vereniging of liggaam van persone nie."; en

(b) deur paragraaf (a) van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(a) in, of binne 'n halfmyl van die grens van, enige inboorlinglokasie of inboorlingdorp hetsy dit gestig is kragtens die bepalings van enige wet al dan nie en hetsy dit van 'n tydelike aard is al dan nie;".

**Vervanging van artikel 61 van Ordonnansie 2 van 1969.**

17. Artikel 61 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

„[Beperking van botteldranklisensie in plattelandse gebiede.

61. (1) Geen aansoek om 'n nuwe botteldranklisensie ten opsigte van 'n perseel geleë in 'n plattelandse gebied word deur die raad oorweeg sonder die skriftelike goedkeuring van die Administrateur nie.

(2) Geen sodanige goedkeuring word deur die Administrateur verleen nie tensy die aansoeker hom oortuig het dat daar buitengewone omstandighede bestaan wat die oorweging van die aansoek deur die raad regverdig.

(3) Enige goedkeuring kragtens subartikel (1) kan verleen word onderhewig aan sodanige voorwaardes of beperkings soos die Administrateur goedvind.]

Beperking van botteldranklisensies.

61. Geen nuwe botteldranklisensie behalwe buiteverkoopslisensies vir huisvestingsinrigtings word na die tweede dag van Junie 1972 toegestaan of uitgereik nie: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee, indien hy oortuig is dat buitengewone omstandighede bestaan, die toestaan en uitreiking van enige nuwe botteldranklisensie kan magtig onderhewig aan sodanige voorwaardes en beperking en vir sodanige tydperk soos hy na goedvinde bepaal.".

was granted, the board or the chairman in consultation with the other members of the board may, if it is proved that the failure to complete the structural alterations in time is not due to negligence on the part of the licensee, grant such extention of the said period as in the opinion of the board or of the chairman in consultation with the other members of the board will be necessary to complete the said structural alterations.".

Amendment of section 60 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 11 of Ordinance 9 of 1970.

16. Section 60 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) No such approval shall be required in the case of the transfer of a licence from [an employee] a nominee of a company, society, partnership, association or other body of persons to another [employee] nominee of the same company, society, partnership, association or body of persons."; and

(b) by the substitution for paragraph (a) of subsection (4) of the following paragraph:

"(a) in or within half a mile of the boundary of any Native location or Native village, whether it has been established under the provisions of any law or not and whether it is of a temporary nature or not;".

Substitution of section 61 of Ordinance 2 of 1969.

17. The following section is hereby substituted for section 61 of the principal Ordinance:

"[Limitation of bottle liquor licences in rural areas.

61. (1) No application for a new bottle liquor licence in respect of premises situated in a rural area shall be considered by the board without the written approval of the Administrator.

(2) No such approval shall be granted by the Administrator unless he has been convinced by the applicant that exceptional circumstances exist which justify the consideration of the application by the board.

(3) Any approval under subsection (1) may be granted to such conditions or restrictions as the Administrator may deem fit.]

Limitation of bottle liquor licences.

61. No new bottle liquor licences except accommodation establishment off-sales licences shall be granted or issued after the second day of June, 1972: Provided that the Executive Committee may, if it is satisfied that exceptional circumstances exist, authorize the grant of any new bottle liquor licence subject to such conditions and restrictions and for such period as it may in its discretion determine.".

Herroeping van artikel 62 van Ordonnansie 2 van 1969.

18. Artikel 62 van die Hoofordonnansie word hierby herroep.

Wysiging van artikel 63A van Ordonnansie 2 van 1969, soos ingevoeg deur artikel 16 van Ordonnansie 20 van 1971.

19. Artikel 63A van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Geen aansoek om die verlening, hernuwing, verplasing of oordrag van 'n lisensie word na [31 Maart 1973] die een-en-dertigste dag van Maart 1975 toegestaan nie as dit tot bevrediging van die bevoegde gesag blyk dat sodanige lisensie strydig met die bepalings van artikel 105C verhuur word of sal word of verhuur bly of sal bly.".

Wysiging van artikel 66 van Ordonnansie 2 van 1969.

20. Artikel 66 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(e) die sekretaris van 'n *bona fide* organisasie wat geld bymekaar maak vir wettige doeleindes by 'n openbare funksie; [gehou deur sodanige organisasie;]"; en

(b) deur paragraaf (f) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(f) die houer van 'n klubdranklisensie wat die landdros by wie die aansoek om die lisensie gedoen is, oortuig het dat die tydelike dranklisensie verlang word vir 'n *bona fide* openbare funksie, sportgeleentheid, sportbedrywighede of sosiale geleentheid wat deel uitmaak van die normale en gewone bedrywighede van so 'n klub: Met dien verstande dat sodanige lisensie slegs verleen mag word indien die landdros by wie die aansoek gedoen is, oortuig is dat sodanige openbare funksie, sportgeleentheid, sportbedrywighede of sosiale geleentheid op die perseel van sodanige klub gehou sal word.".

Wysiging van artikel 67 van Ordonnansie 2 van 1969.

21. Artikel 67 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„[(1) 'n Spesiale groothandeldepotlisensie vir brouers word alleen net aan die houer van 'n spesiale groothandellisensie vir brouers uitgereik ooreenkomstig die Brouwers en Destilleerders Licentie Belasting Proklamatie 1924 (Proklamasie 3 van 1924 van die Gebied) vir die verkoop of verskaffing van die produk van sy vervaardiging aan lisensiehouers kragtens hierdie ordonnansie of aan die publiek.]

(1) Die houer van 'n spesiale groothandellisensie vir brouers, uitgereik kragtens die bepalings van die Brouwers en Distilleerders Licentie Belasting Proklamatie 1924 (Proklamasie 3 van 1924) kan ingevolge hierdie ordonnansie aansoek doen om die uitreiking aan hom van 'n spesiale groothandeldepotlisensie vir brouers, wat hom magtig om die produk van sy vervaardiging ooreenkomstig die bepalings van hier-

18. Section 62 of the principal Ordinance is hereby repealed. **Repeal of section 62 of Ordinance 2 of 1969.**

19. Section 63A of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection: **Amendment of section 63A of Ordinance 2 of 1969, as inserted by section 16 of Ordinance 20 of 1971.**

"(2) No application for the grant, renewal, removal or transfer of a licence shall be granted after [31 March, 1973] the thirty-first day of March, 1975 if it appears to the conviction of the competent authority that such licence is, or will be, leased or remains, or will remain, leased contrary to the provisions of section 105C.".

20. Section 66 of the principal Ordinance is hereby amended — **Amendment of section 66 of Ordinance 2 of 1969.**

(a) by the substitution for paragraph (e) of the following paragraph:

"(e) the secretary of a *bona fide* organisation collecting funds for lawful purposes at a public function; [held by such organisation;]"; and

(b) by the substitution for paragraph (f) of the following paragraph:

"(f) the holder of a club liquor licence who has satisfied the magistrate to whom application for the licence is made, that the temporary liquor licence is required for a *bona fide* public function, sports event, sports activities or social event forming part of the activities normally and habitually pursued by such a club: Provided that such licence may be granted only if the magistrate to whom the application is made, is satisfied that such public function, sports event, sports activities or social event will be held on the premises of such club.".

21. Section 67 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection: **Amendment of section 67 of Ordinance 2 of 1969.**

"[(1) A special brewers' wholesale depot licence shall be granted only to the holder of a special brewers' wholesale licence issued in terms of the Brewers and Distillers Licences Duty Proclamation, 1924 (Proclamation 3 of 1924 of the Territory) for the sale or supply of the product of his manufacture to licence holders under this ordinance or to the public.]

(1) The holder of a special brewers' wholesale licence, issued under the provisions of the Brewers and Distillers Licences Duty Proclamation, 1924 (Proclamation 3 of 1924), may, in terms of this ordinance, apply for the issue to him of a special brewers' wholesale depot licence authorizing him to sell the product of his manufacture to the public from any place other than the place of his manufacture in accordance with the

die ordonnansie aan die publiek te verkoop vanaf enige ander plek as die plek van sy vervaardiging en sodanige lisensie word uitgereik slegs aan die houer van 'n spesiale groothandellisensie vir brouers.".

**Wysiging van artikel 69 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 14 van Ordonnansie 9 van 1970 en artikel 18 van Ordonnansie 20 van 1971.**

22. (1) Artikel 69 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(b) kan 'n botteldranklisensie verleen of hernieu word in verband met 'n perseel waarop die lisensiehouer wettig handeldryf as 'n [groothandeldranklisensiehouer of as] handelaar in brandspiritus, mineraalwaters en ander dranke, (buiten sterk drank) in geslote bottels, tabak, sigare, sigarette, vuurhoutjies en druiweasyn in geslote houer;" en

(b) deur paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„kan 'n groothandeldranklisensie verleen of hernieu word in verband met 'n perseel waarop die lisensiehouer wettig handel dryf as 'n groothandelaar, mits [die drank in 'n afsonderlike vertrek geberg word] sodanige lisensiehouer, indien hy ook in ander handelsware as drank, mineraalwaters en ander dranke handel dryf, die drank berg in 'n afsonderlike vertrek waarin slegs sodanige drank en enige mineraalwaters en ander dranke geberg word.".

(2) Enige groothandeldranklisensie wat by die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie op dieselfde perseel bedryf word as 'n botteldranklisensie kan nieteenstaande die bepalings van subartikel (1) in verband met sodanige perseel hernieu word vir die tydperk eindigende 31 Maart 1974.

**Wysiging van artikel 75 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 17 van Ordonnansie 9 van 1970 en artikel 19 van Ordonnansie 20 van 1971.**

23. Artikel 75 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Enige besigheid wat gedryf word kragtens 'n buiteverkoopslisensie vir huisvestingsinrigtings word, behoudens die bepalings van artikel 75A, gedryf vir die rekening en uitsluitlike voordeel van die huisvestingsinrigting ten opsigte waarvan dit verleen is.".

**Invoeging van artikel 75A in Ordonnansie 2 van 1969.**

24. Die volgende artikel word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 75 ingevoeg:

**„Verhuring van buiteverkoopslisensie vir huisvestingsinrigtings.**

75A. (1) Nieteenstaande enige andersluidende bepalings in hierdie ordonnansie, kan die Uitvoerende Komitee, na goeddunke, op skriftelike aansoek van die houer van 'n binneverbruikslisensie vir huisvestingsinrigtings, aan hom toestemming verleen om die buiteverkoopslisensie vir huisvestingsinrigtings ten opsigte van daardie huisvestingsinrigting, te verhuur aan iemand wat nie ingevolge artikel 64 of 103 gediskwalifiseer is om sodanige lisensie te hou.

provisions of this ordinance and such licence is issued to the holder of a special brewers' wholesale licence only.".

Amendment of section 69 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 14 of Ordinance 9 of 1970 and section 18 of Ordinance 20 of 1971.

22. (1) Section 69 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:

"(b) a bottle liquor licence may be granted or renewed in respect of premises in which the licensee lawfully carries on the business [of a wholesale liquor licensee or] of selling methylated spirits, mineral waters and other drinks (not being liquor) in closed bottles, tabacco, cigars, cigarettes, matches and grape vinegar in closed receptacles;" and

(b) by the substitution for paragraph (d) of subsection (1) of the following paragraph:

"(d) any wholesale liquor licence may be granted or renewed in connection with premises on which the licensee is legally conducting business as a wholesaler, provided [the liquor is stored in a separate room] that such licensee, if he trades in merchandise other than liquor, mineral waters and other drinks also, shall store the liquor in a separate room in which only such liquor and any mineral waters and other drinks are stored.".

(2) Any wholesale liquor licence which is, at the commencement of this Ordinance, being carried on the same premises as a bottle liquor licence, may, notwithstanding the provisions of subsection (1), be renewed in respect of such premises for the period ending 31 March 1974.

Amendment of section 75 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 17 of Ordinance 9 of 1970 and section 19 of Ordinance 20 of 1971.

23. Section 75 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Any business carried on under an accommodation establishment off-sales licence shall, subject to the provisions of section 75A, be carried on for the account and exclusive benefit of the accommodation establishment in respect of which it was granted.".

Insertion of section 75A in Ordinance 2 of 1969.

24. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance after section 75:

"Lease of accommodation establishment off-sales licences.

75A. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in this ordinance, the Executive Committee may, in its discretion, upon written application by the holder of an accommodation establishment on-consumption licence grant permission to him to lease the accommodation establishment off-sales licence in respect of that accommodation establishment to a person who is not disqualified, in terms of section 64 or 103, to hold such licence.

(2) Geen aansoek ingevolge subartikel (1) word deur die Uitvoerende Komitee oorweeg nie, tensy 'n skriftelike huurkontrak ten opsigte van die verhuring van die bedoelde buiteverkoopslisensie vir huisvestingsinrigtings, aangegaan deur die aansoeker en die voornemende huurder, tesame met die aansoek ingedien word.

(3) Die huurgeld wat ten opsigte van die verhuring van die bedoelde buiteverkoopslisensie vir huisvestingsinrigtings betaalbaar is, moet in die huurkontrak bedoel in subartikel (2) vermeld word en moet aan die houer van die betrokke binneverbruikslisensie vir huisvestingsinrigtings betaal word vir die rekening en uitsluitlike voordeel van daardie huisvestingsinrigting.

(4) Geen vergoeding of gelde, behalwe die huurgeld vermeld in die huurkontrak bedoel in subartikel (2), mag ten opsigte van die verhuring van 'n buiteverkoopslisensie vir huisvestingsinrigtings ingevolge hierdie artikel betaal, geëis of ontvang word nie.

(5) 'n Lisensie wat ingevolge hierdie artikel verhuur word, word vir die tydperk van verhuring wat in die huurkontrak genoem word, oorgedra aan die huurder, of indien die huurder 'n maatskappy, genootskap, vennootskap of ander liggaam van persone is, die benoemde van sodanige huurder.

(6) Iemand wat 'n buiteverkoopslisensie vir 'n huisvestingsinrigting sonder die toestemming van die Uitvoerende Komitee verhuur of wat die bepalings van subartikel (4) oortree of versuim om daaraan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande.

(7) Die Uitvoerende Komitee kan te eniger tyd, na goeddunke enige toestemming verleen ingevolge hierdie artikel intrek, indien dit na sy mening geregverdig is.".

**Wysiging van artikel 76 van Ordonnansie 2 van 1969 soos vervang deur artikel 18 van Ordonnansie 9 van 1970 en gewysig deur artikel 20 van Ordonnansie 20 van 1971.**

25. Artikel 76 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (7) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(a) wat nie kragtens die bepalings van [hierdie ordonnansie] artikel 64 vir die hou van enige dranklisensie kwalifiseer nie;".

**Wysiging van artikel 82 van Ordonnansie 2 van 1969.**

26. Artikel 82 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Behoudens die bepalings van subartikel (1) mag geen [grootskaalse] strukturele verandering

(2) No application in terms of subsection (1) shall be considered by the Executive Committee unless a written contract of lease in respect of the lease of the said accommodation establishment off-sales licence, entered into by the applicant and the prospective lessee is submitted together with the application.

(3) The rent payable in respect of the lease of the said accommodation establishment off-sales licence shall be stated in the contract of lease referred to in subsection (2) and shall be paid to the holder of the accommodation establishment on-consumption licence concerned in respect of the account and exclusive benefit of that accommodation establishment.

(4) No consideration or moneys other than the rent stated in the contract of lease referred to in subsection (2) may be paid, demanded or received in regard to the lease of an accommodation establishment off-sales licence in terms of this section.

(5) A licence leased in terms of this section, shall, for the period of lease stated in the contract of lease be transferred to the lessee or if the lessee is a company, society, partnership or other body of persons, to the nominee of such lessee.

(6) Any person who leases an accommodation establishment off-sales licence without the permission of the Executive Committee or who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (4) shall be guilty of an offence and shall on conviction, be liable to a fine not exceeding four hundred rand or imprisonment for a period not exceeding twelve months.

(7) The Executive Committee may at any time in its discretion withdraw any permission granted in terms of this section, if in its opinion it is justified.".

25. Section 76 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (7) of the following paragraph:

**Amendment of section 76 of Ordinance 2 of 1969, as substituted by section 18 of Ordinance 9 of 1970 and amended by section 20 of Ordinance 20 of 1971.**

"(a) who does not qualify for holding any liquor licence under the provisions of [this ordinance] section 64;".

26. Section 82 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

**Amendment of section 82 of Ordinance 2 of 1969.**

"(2) Subject to the provisions of subsection (1), no [major] structural alteration or addition to

of aanbousels aan enige gelisensieerde perseel uitgevoer word sonder die skriftelike magtiging van die landdros van die distrik nie.".

Wysiging van artikel 83 van Ordonnansie 2 van 1969.

27. Artikel 83 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die eerste voorbehoudsbepaling by subartikel (2) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande dat die houer van 'n groothandeldranklisensie of 'n spesiale groothandeldepotlisensie vir brouers sodanige drank ook kan opberg in 'n plek in die distrik waarin die gelisensieerde perseel geleë is, wat die landdros van [die distrik waarin die plek geleë is] sodanige distrik op aansoek van die lisensiehouer kan goedkeur:".

Wysiging van artikel 103 van Ordonnansie 2 van 1969.

28. Artikel 103 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

„(3) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie ten opsigte van enige binneverbruikslisensie vir huisvestingsinrigtings of enige buiteverkoopslisensie vir huisvestingsinrigtings.".

Vervanging van artikel 105 van Ordonnansie 2 van 1969, soos vervang deur artikel 23 van Ordonnansie 9 van 1970.

29. Artikel 105 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Oordrag van bestuur of beheer of deelname in wins van besigheid.

105. Geen lisensiehouer mag sonder die skriftelike magtiging van —

(a) die Direkteur in die geval van —

(i) 'n binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting; of

(ii) 'n restaurantdranklisensie vir 'n huisvestingsinrigting; of

(iii) 'n buiteverkoopslisensie vir 'n huisvestingsinrigting; of

(b) die landdros van die distrik waarin die lisensie gehou word in die geval van enige ander lisensie as —

(i) 'n binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting; of

(ii) 'n restaurantdranklisensie vir 'n huisvestingsinrigting; of

(iii) 'n buiteverkoopslisensie vir 'n huisvestingsinrigting

toelaat dat iemand anders langer as 'n maand in werklikheid die gelisensieerde besigheid bestuur, onder toesig hou of dryf nie.".

Wysiging van artikel 105C van Ordonnansie 2 van 1969, soos ingevoeg deur artikel 25 van Ordonnansie 20 van 1971.

30. Artikel 105C van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur al die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„Behoudens die bepalings van artikel 75A mag geen [Geen] botteldranklisensie [mag] na 31 Maart

any licenced premises shall be carried out without the written authority of the magistrate of the district.".

Amendment of section 83 of Ordinance 2 of 1969.

27. Section 83 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the first proviso to subsection (2) of the following proviso:

"Provided that the holder of a wholesale liquor licence or a special brewers' wholesale depot licence may store such liquor also in a place in the district in which the licenced premises are situate, which the magistrate [of the district in which such place is situate] of such district may approve on the application of such licensee:".

Amendment of section 103 of Ordinance 2 of 1969.

28. Section 103 of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(3) The provisions of this section shall not apply to any accommodation establishment on-consumption licence or any accommodation establishment off-sales licence.".

Substitution of section 105 of Ordinance 2 of 1969 as substituted by section 23 of Ordinance 9 of 1970.

29. The following section is hereby substituted for section 105 of the principal Ordinance:

"Delegation of management or control, or sharing of profits of business.

105. No licensee shall without the written authority of —

(a) the Director in the case of —

(i) an accommodation establishment on-consumption licence; or

(ii) an accommodation establishment restaurant liquor licence; or

(iii) an accommodation establishment off-sales licence; or

(b) the magistrate of the district in which the licence is held in the case of any licence other than —

(i) an accommodation establishment on-consumption licence; or

(ii) an accommodation establishment restaurant liquor licence;

(iii) an accommodation establishment off-sales licence; or

allow any other person in fact to manage, supervise, or conduct the licenced business for longer than one month.".

Amendment of section 105C of Ordinance 2 of 1969, as inserted by section 25 of Ordinance 20 of 1970.

30. Section 105C of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for all the words preceding the proviso of the following words:

"Save as provided in section 75A no bottle liquor licence shall be or shall remain leased after 31

[1973] 1975 verhuur word of verhuur bly nie en elke besigheid wat kragtens 'n botteldranklisensie gedryf word moet vanaf daardie datum, behoudens die bepalings van artikel 75A, gedryf word vir die rekening en uitsluitlike voordeel van die eienaar daarvan:".

Wysiging van artikel 109A van Ordonnansie 2 van 1969, soos ingevoeg deur artikel 26 van Ordonnansie 9 van 1970.

31. Artikel 109A van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie mag die houer of die gewese houer van 'n lisensie nie sonder die skriftelike goedkeuring van die raad 'n ooreenkoms aangaan of 'n voorwaarde stel nie met betrekking tot die [oordrag] verhuring van daardie lisensie ingevolge waarvan hy geregtig is of sal wees op die betaling van enige gelde uit hoofde van sodanige [oordrag] verhuring.".

Wysiging van artikel 137 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 25 van Ordonnansie 18 van 1969 en artikel 27 van Ordonnansie 20 van 1971.

32. Artikel 137 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur al die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„Elke lisensiehouer is skuldig aan 'n misdryf as hy self of deur sy bediende, [of] agent of benoemde —".

Wysiging van artikel 140 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 27 van Ordonnansie 18 van 1969 en artikel 28 van Ordonnansie 20 van 1971.

33. Artikel 140 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur al die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„Elkeen is skuldig aan 'n misdryf, wat, hetsy as prinsipaal, agent, [of] bediende of benoemde, waar die handeling of versuim deur hom nie kragtens artikel 137 'n misdryf uitmaak nie —".

Wysiging van artikel 148 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 31 van Ordonnansie 18 van 1969.

34. (1) Artikel 148 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

„(3) Alle gelde ontvang ten opsigte van 'n lisensie verleen kragtens hierdie artikel word aan die Fonds van die Bastergemeente, Rehoboth oorbetaal.".

(2) Subartikel (1) word geag in werking te getree het op die eerste dag van April 1969.

Kort titel.

35. Hierdie Ordonnansie heet die Drankwysigingsordonnansie, 1972.

March [1973] 1975 and every business carried on under a bottle liquor licence shall from that date, save as provided in section 75A, be carried on for the account and exclusive benefit of the owner thereof:".

31. Section 109A of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

Amendment of section 109A of Ordinance 2 of 1969, as inserted by section 26 of Ordinance 9 of 1970.

"(1) subject to the provisions of this ordinance the holder or ex-holder of a licence shall not without the written approval of the board enter into an agreement or impose a condition with reference to the [transfer] lease of that licence under which he is or will be entitled to the payment of any moneys by virtue of such [transfer] lease.".

32. Section 137 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for all the words preceding paragraph (a) of the following words:

Amendment of section 137 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 25 of Ordinance 18 of 1969 and section 27 of Ordinance 20 of 1971.

"Any licensee shall be guilty of an offence if he by himself, his servant, [or] agent or nominee —".

33. Section 140 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for all the words preceding paragraph (a) of the following words:

Amendment of section 140 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 27 of Ordinance 18 of 1969 and section 28 of Ordinance 20 of 1971.

"Any person shall be guilty of an offence who, whether as principal, agent, [or] servant or nominee, where the act or omission by him is not an offence under section 137—".

34. (1) Section 148 of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following subsection:

Amendment of section 148 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 31 of Ordinance 18 of 1969.

"(3) All moneys received in respect of a licence granted under this section shall be paid to the Rehoboth Baster Community Fund.".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on the first day of April 1969.

35. This Ordinance shall be called the Liquor Amendment Ordinance, 1972.

Short title.